

DIE SWART LUIPERD
No 27
Die Watermonster brul
braam le roux

Ananda begin histeries skree. Daar is geen teken van die Luiperdman en die monster te sien nie. Alle oë is op die groen water gerig. Die sekondes gaan verby en skielik word dit te veel vir Ananda wat 'n onbeheerste gevoel vir die Luiperdman in haar hart ronddra.
'n Meter onder die water swem die Luiperdman feitlik teenaan die groen monster. Die kop van die monster is hier by hom en hy kan die geel slagtande duidelik sien. Die monster pak hom egter nie. Die Luiperman is nou oortuig daarvan dat hierdie teenmiddel van die Rivierdwerge onfeilbaar is.
Terug op die wal is Ananda rasend van bekommernis, en voordat Ricardo of Badar haar kan keer, spring sy oor die muurtjie en 'n oomblik later plons haar liggaam in die water.

Stofomslag: Chris du Plooy



# PROLOOG

In die winter van 1928 het die Swart Luiperd op 'n reis na die hooglande van Bolivia vertrek. 'n Eienaardige Italianer het hom op sy plaas kom haal en feitlik gesoebat dat die Luiperdman hom na die Stad van Woera moet vergesel. Die Italianer het nie net eienaardig voorgekom nie, maar soms het dit wel gelyk asof hy besiel was met 'n vreemde gees. Met 'n beeldjie bestaande uit suiwer goud, wat hy soms aanbiddend aangekyk het, het hulle die tog begin. Ricardo Barossa, die Italianer, het vertel dat hy nie 'n fortuinjagter is nie, want hy het oorgenoeg geld. Hy wou net na die Stad van Woera en die mense van Woera teruggaan, omdat hy na sy broer Berto wou gaan soek. Die vreemdsoortige beeldjie moes vir die Italianer 'n besondere betekenis gehad het.

Dwarsdeur die oerwoude van Bolivia het die Luiperdman saam met Ricardo getrek. Die wedervaringe en ervarings wat hy beleef het, het hy by sy terugkeer aan Sonet, sy vrou, en Bennie, sy seun, vertel, maar oor die stad Woera en sy mense het hy soos die dood geswyg. Oor en oor het Sonet hom uitgevra, maar die Luiperdman het oor hierdie deel van hul reis geswyg. Al wat Sonet kon agterkom, was dat dit 'n land van mooi meisies is. In die hartjie van die bergwêreld van Bolivia, het sy geweet, het die Luiperdman wel 'n vergete beskawing teengekom, 'n oerbeskawing wat geen kontak het met die beskawing soos hulle dit ken nie. Al wat Sonet kon agterkom, was dat hierdie verlore ras deur al die eeue bly voortbestaan het, ongeskonde in sy geloof en tradisie; 'n ou wêreld te midde van die barbare in die oerwoud, en die gedruis van die twintigste eeu met sy masjiene ver-ver anderkant die horisonte. Verder wou die Luiperdman hulle niks oor hierdie legendariese Stad van Woera meedeel nie. ,,Want,'' het hy altyd beweer, ,,julle sal my tog nie glo nie en ander mense sal vir my lag.'' En daarby het dit gebly.

Sonet het verder geweet dat hierdie bruin-wit ras 'n beeld aanbid het wat hulle Woera genoem het. Van voorkoms is hulle veel meer beskaafd as die barbare in die oerwoud, maar wat geloof betref is hulle net so primitief en soms selfs wreder.

Die Luiperdman en Ricardo Barossa het saam die Stad van Woera betree, maar slegs die Luiperdman het teruggekeer. Niemand behalwe die Luiperdman weet wat van Ricardo die eienaardige Italianer, geword het nie.

Daar was dae toe Sonet geweet het dat daar iets in die Luiperdman se ervarings is waaroor hy steeds nagedink het, waaroor hy hom soms selfs bekommer het, asof hy met 'n lewensprobleem worstel. En dan het die vraag altyd by haar opgekom: Wat het in hierdie fantastiese stad plaasgevind, wat het gebeur wat die Luiperdman soms so onrustig stem? Maar die antwoord het uitgebly.

Nadat die Luiperdman en die siek Ricardo die gevare van die oerwoud te bowe gekom het, het Ricardo aan Leon vertel dat hy, Ricardo, nie vir Leon die hele waarheid aangaande die doel van sy besoek aan die Stad van Woera meegedeel het nie. Toe het dit die eerste keer openbaar geword dat Ricardo self tot die aanbidders van die Eenoog Woera behoort het toe hy vir sy lewe moes vlug. Sy het hom egter die beeld van die Eenoog Woera gegee en hy het aan haar en sy broer, Berto, belowe om terug te keer na die verlore stad met sy verlore mense.

Die Luiperdman het agtergekom dat dit 'n vurige, verterende verliefdheid was wat Ricardo voortgedryf het en hom uiteindelik weer in die stad van Woera laat beland het. Klaradien was sy doel; dit is die onbekende krag wat hom deur die gevare van die oerwoud voortgedryf het. En die Luiperdman het dit vir hom moontlik gemaak om Klaradien weer te sien. Maar toe het 'n gans nuwe ervaring vir die Luiperdman aangebreek. Hy moes opnuut gevare trotseer en meer as een dag in hierdie Stad van Woera was die dood baie naby hom en sy drie dieremaats, Simson, Spikkels en sy perd, Donker.

'n Vreemde heerser was op die troon in die Stad van Woera, 'n wese besiel met wraak, jaloesie, nyd, hebsug; 'n persoon wat behae daarin geskep het om te pynig, wat kranksinnig was in sy drang na mag, na opperheerskappy.

Dit is met hierdie wese wat die Luiperdman te doen gekry het. . . en dit was sy ongelooflike ervarings met die Ridder van Woera waaroor hy liewer geswyg het, maar wat in hierdie boek opgteken staan.

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Kinders van Woera | 3 |
| 2. | Duiwel in die Tempel | 18 |
| 3. | Oë van die Dood | 33 |
| 4. | Grot van Verderf | 49 |
| 5. | Wagte van die Nag | 66 |
| 6. | Die Watermonster Brul | 82 |


## Hoofstuk 1

## KINDERS VAN WOERA

Die Swart Luiperd dra vir Ricardo onder 'n boom in. Die son brand op die aarde neer. Geweldig hoë rotse staan soos skerppunttorings hier en daar op die berge. Voor hulle is 'n ontsaglike vallei. Daar is die velde groen en sonder bosse.

Ricardo is ylend. Sy voorkop brand en af en toe bibber hy van die kouekoors. Van vanoggend af, toe die Luiperdman en Ricardo die woud verlaat het, het Ricardo begin siek word. Die Luiperdman het dadelik geraai dat dit die gevreesde rivierkoors is.

,,Nog net deur daardie diep vallei, Luiperdman, en dan oor daardie blou bergspitse en ons is in die land van die Eenoog. Moenie oor my bekommerd wees nie, Luiperdman,'' yl hy voort, ,,Klaradien sal my gesond maak. Netnou sal ek by Klaradien wees. Hier sal die barbare van die oerwoud ons nie kry nie. Hulle. . . hulle vrees die Eenoog Woera. Hulle sal ons kom haal. Die priesters en die soldate. Hulle het lang spiese, Luiperdman, en ysterskilde, presies soos die soldate van die Middeleeue. Jy sal sien dit is so. Moet nie dink ek yl nie, Luiperdman. My beker van vreugde loop oor. Ek kan reeds Klaradien se parfuum ruik. Ek weet reeds dat sy naby my is. Hoe bly sal Berto nie wees om my te sien nie! O, die land van die Eenoog! Dit klink soos 'n sprokie, maar jy sal sien dat dit die waarheid is. O, Mamma mia, hierdie kop van my. Maar dit sal weldra verby wees.''

Ricardo lê nou in die koelte van die boom. Die Luiperdman het droë gras gepluk en op die Italianer gegooi om 'n bietjie hitte in sy liggaam te kry. Hierdie siekte bewerk 'n paradoks in 'n mens, dink Leon Fouché, alias die Luiperdman. Jy is vuurwarm van die koors, maar tog bibber jy van die koue.

Ricardo se ogies is waterig. Sy lippe is kurkdroog. Toe hy opkyk na die gemaskerde figuur van die Luiperdman, lyk sy oë glasig,

soos die oë van 'n sterwende. Die Luiperdman staar oor die magtige vallei. Hy kyk stip na die groot rotse, maar hy sien geen beweging nie, geen teken van mens of dier nie. Die Luiperdman het al snaakse dinge tydens sy omswerwinge gesien, maar noudat hy feitlik aan die poorte van die Stad van Woera is, glo hy nie meer dat dit bestaan nie, glo hy ál meer dat dit slegs in die verbeelding van hierdie koorsige man bestaan.

Ricardo lê en hyg na asem. Soms gaan dit of hy glad nie asemhaal nie, maar soms suig hy die lug so gulsig en diep in dat dit 'n snorkgeluid veroorsaak.

Die Luiperdman en sy koorsige vriend bevind hulle bo-op 'n berg. In die weste lê die magtige Boliviaanse woude waardeur die Luiperdman getrek het. Agter hom lê 'n magdom van ervarings, van vreemde ontmoetinge, maar die Luiperdman dink nie meer daaraan nie. Hy het nou 'n groter probleem hier voor hom. As Ricardo nie siek was nie, sou hy hier aan die punt van die berge omgedraai het. Hy sou teruggekeer het na die beskawing toe, want sy taak was om Ricardo net deur die oerwoud te lei. Dit was die gevare in die verraderlike bosse wat Ricardo gevrees het. Die enigste vrees wat hy gekoester het, was dat hy die oerwoud nie sou oorleef nie. Om by hierdie legendariese stad aan te land, moes hy egter deur die oerwoud met sy sluipende dood, wilde diere en vreemde gevare trek. Nou is daardie gevare agter die rug en Ricardo is letterlik voor die poorte van die Stad van Woera en dit lyk asof hy hierdie vreemde wêreld glad nie vrees nie.

Aan die een kant is die Luiperdman baie nuuskierig om te weet of daardie Stad van Woera werklik bestaan. Diep in die woude, agter sy rug, glo die Rivierdwerge en die Jivaros, die kopjagters, dat die mense van Woera werklik bestaan. Hulle noem Woera die gees van die Donder en die Weerlig. Maar voordat die Luiperdman glo aan die Woera-kultuur, wil hy dit eers van aangesig tot aangesig aanskou.

Dit lyk nie of daar iets besonders anderkant hierdie vallei,





oorkant daardie spits berge is nie. Miskien is Woera uit Ricardo se kranksinnige verbeelding gebore.

Die Luiperdman kyk na sy twee tiers, Simson en Spikkels. Hulle het 'n uur gelede 'n bok platgetrek en nou verskeur hulle die pragtige dier en kou gulsig. Hier is volop groen gras, dieselfde soort groen gras wat 'n mens op die Transvaalse Hoëveld aantref, en Donker is nou al 'n soliede uur besig om te wei. Die diere is heeltemal rustig, 'n teken dat hulle nog nie vreemde dinge gewaar het nie.

Skielik spring Ricardo ylend op.

„Ek het vergeet. . . jy moet gaan. Jy moet gaan, Luiperdman, voordat die priesters en die soldate opdaag! Jy moet teruggaan! Hulle sal jou en jou tiers doodmaak. Hulle sal my aan die beeld ken, die Woerabeeld, en dan sal hulle my na Klaradien of Berto toe neem. Hulle sal weet dat ek 'n aanbidder van Woera is, en as hulle my na die priesters se tempel gebring het, sal Klaradien en Berto weet dat dit ek is en hulle sal my beskerm. Maar wat van jou? Hulle sal jou doodmaak. Laat my hier staan en gaan jy dadelik terug. As jy terugkom in Suid-Afrika, sal my bank jou uitbetaal vir jou dienste. Gaan asseblief, Luiperdman."

Uitgeput val hy terug op die grond wat die Luiperdman vir hom omgedolwe het sodat sy seer liggaam 'n sagter lêplekkie het. Hy hyg weer na asem, maak sy oë toe en kreun diep.

„Is jy seker dat Klaradien jou weer sal neem, dat sy al die jare op jou gewag het, Ricardo—sy en jou broer? Hoe weet jy of hulle nie dalk dood is nie?" vra die Luiperdman terwyl hy hier by die Italianer kniel.

Die koorsige kom weer vinnig orent.

„Wat praat jy. . . wat praat jy, Luiperdman? Diegene wat my in die Stad van Woera wou laat sterf omdat ek Klaradien se liefde wou gehad het, sal my nie meer ken nie. Hulle sal my as 'n vreemdeling beskou, maar Klaradien en my eie liewe broer sal my dadelik herken. Jare gelede het die mense van Woera my verjaag,

hulle wou my doodmaak omdat ek as priester van die hoogste orde dit durf waag het om die liefde van 'n vrou te begeer. Berto en Klaradien het my gehelp om te ontsnap, en ek het hulle beloof om as vreemdeling weer terug te keer sodat ek met Klaradien kan trou. Onthou jy nie dat ek jou al hierdie dinge vertel het nie, Luiperdman?" verwyt hy.

„Ek onthou. . . en as jy dit verkies, sal ek nou gaan, maar dan moet jy beloof dat jy stil gaan lê. Ek gee jou 'n laaste slukkie water en twee kinapille."

Die Luiperdman voeg die daad by die woord en Ricardo sluk die bitter pille. Hy gaan dadelik lê en 'n lang tyd maak hy nie sy oë oop nie. Die Luiperdman gaan 'n entjie van hom af agter 'n hoë rots sit. Hy weet dat hy die siek man nie so kan laat lê nie. 'n Paar minute gelede het hy 'n bergleeu op die rotse gesien. Die dier het uit volle bors gebrul. Ricardo sou 'n maklike prooi vir hierdie roofdiere wees. Hy sal dus maar moet bly totdat Ricardo gesond word of doodgaan, of totdat die onmoontlikste gebeur—die persone van sy verbeelding opdaag om hom na Klaradien terug te neem!

'n Drang om agter daardie blou berge te gaan inloer, het hom stadig van die Luiperdman bemeester.

Nadat hy 'n hele ruk daar gesit het, roep hy sy twee tiers toe hy merk dat hulle klaar gevreet het. Simson en Spikkels gehoorsaam dadelik en toe hy vir Donker fluit, kom die perd ook vinnig nader gedraf. Dit is 'n hoë rots waaragter die vier maats sit. Van ver af het hierdie rots vir die Luiperdman na 'n tempeltoring gelyk.

Af en toe loer die Luiperdman om die rots om te sien hoe dit met Ricardo gaan. Etlike minute lank roer die Italianer egter glad nie. Die Luiperdman het die Woerabeeldjie in sy beswete hand gedruk voordat hy daar padgegee het. Dit lyk nou of die ryk Italianer aan die slaap geraak het. Leon voel self baie vaak. Gisternag het hulle die hele nag oor die laaste paar kilometer deur die oerwoud getrek. 'n Paar uur voor sonop het hulle probeer dut, maar nadat hulle verskeie kere uit hulle slaap gewek is, het hulle besluit om gebruik





te maak van die helder maanlig en voort te gaan.

Hier voel die Luiperdman ook veiliger as daar in die bosse en hy besluit ook om 'n bietjie te dut. Hy weet dat sy twee tiers goeie waghonde is en dat hulle hom sal waarsku as gevaar dreig. Met sy kop teen 'n klip, raak die Luiperdman aan die slaap.

Die Luiperdman skrik ineens wakker toe Simson dreigend grom. Blitsvinnig is Leon op sy voete. Simson lê langs die rots en nou staan hy effens op, terwyl sy nekhare rys. Die Luiperdman tree vinnig vorentoe, sy jagmes reeds in sy hand. Hy loer om die rots na die boom toe waaronder Ricardo op die naat van sy rug uitgestrek lê. 'n Oomblik verstyf hy en dan jaag sy bloed vinniger deur sy are.

Ongeveer twintig tree van Ricardo af lê 'n vaal bergleeu plat op sy maag, gereed om op die siek man te spring. Die Luiperdman weet dat daar geen sekonde te talm is nie. Hy spring vinnig weg en toe hy twintig tree van die slapende af is, merk hy dat 'n tweede bergleeu reg agter die boomstam lê, slegs tien treë van Ricardo af. Die Luiperdman uiter 'n kreet en Ricardo maak dadelik sy oë oop, maar die koors het sy liggaam verswak sodat hy nie orent kan kom nie.

Die bergleeu wat die verste van Ricardo af is, storm eerste op die Italianer af. In daardie een oomblik het die Luiperdman gesien dat hy en die bergleeu vlak by die liggaam van die sieke sal bots.

Die vaal gedaante met sy gekromde naels trek reeds deur die lug. 'n Oorverdowende gebrul word uitgestoot. Die Luiperdman vlieg ook die volgende oomblik deur die lug. In die lug, 'n tree of twee van Ricardo af, spring die Luiperdman teen die bergleeu vas. Dit is duidelik dat hierdie Amerikaanse roofdier geen ag op die Luiperdman geslaan het nie. Hy was slegs van een ding bewus: die man daar op die grond. Met 'n slag klap die Luiperdman se knieë teen die bergleeu se ribbes. Daar is weer 'n verwoede gebrul terwyl die leeu eenkant toe val. Die Luiperdman het egter as gevolg van hierdie botsing sy ewewig verloor. Hy val bo-op die verwoede, grommende dier wat reeds na hom kap. Op daardie oomblik lê die

Swart Luiperd egter tussen die twee voorpote sodat die dier hom nie behoorlik kan bykom nie. Soos weerlig flits die Luiperdman se mes deur die lug en dan dryf hy die lem diep agter die linkerblad van die bergleeu in. Die lem deurboor die bergleeu se hart en sy gegrom verander in 'n geroggel. Voordat daardie krampagtige, kappende kloue gevaarlik kan word, wip die Luiperdman van die roofdier af weg.

Hy is dadelik weer op sy voete.

Die bergleeu agter die boomstam is deur hierdie skielike stormloop van stryk gebring. Hy het egter op sy beurt vir Ricardo onder die boom vergeet en spring nou met ontblote slagtande op die Luiperdman af. Die Luiperdman steek vierspoor vas en dan wag hy die roofdier in. Toe daardie oop bek met die vooruitgestote voorpote vlak by hom is, buk hy vinnig laag. Met die geluid van 'n verwoede kat, seil die bergleeu oor die Luiperdman se rug en vat die volgende oomblik anderkant Leon grond. Sy vaart was te groot, sodat die dier nie sy ewewig kon behou nie. Die leeu se bors skuif oor die harde aarde. Die Luiperdman swaai om en nou raap hy hom op en spring die volgende oomblik op die rug van die bergleeu. Die reeds bebloede jagmes gly diep agter die leeu se nek in. Toe die Luiperdman die mes terugruk, gaap 'n yslike wond waar die leeu se nekwerwel aan die harde kop vas is.

Weer spring die Luiperdman betyds weg en toe die verwonde leeu hierdie keer veel lomper omspring en storm, systap die Luiperdman netjies en vang die dier die volgende oomblik aan sy een agterpoot. Die Luiperdman trap vas en dan swaai hy die bergleeu deur die lug. Die dier se gebrul word iets soos 'n benoude getjank. Sekondes later word die swaar liggaam van die dier skielik gelos. Die vaalgeel gedaante trek deur die lug. Die bergleeu draai en wring hom ineen in 'n poging om met sy pote eerste die aarde te raak. Hy slaag egter nie betyds daarin om sy balans bo in die lug te herwin nie, met die gevolg dat hy kop eerste teen 'n rots val.

Die taai dier probeer mank orent kom om te vlug, maar Simson,





die luiperdmannetjie, het uiteindelik besluit dat hy ook handjie sal bysit. Hy storm vorentoe en voordat die gewonde bergleeu presies kan weet wat hom oorkom, pak Simson hom agter die nek beet en begin hom heen en weer ruk.

Die Luiperdman stroop die leeubloed met sy duim en voorvinger van sy mes se lem af en dan gly die mes netjies in sy leerskede terug. Hy kyk egter vinnig en verskrik op toe iemand hom luid toejuig en hy hande hoor klap.

Verwilderd kyk die Luiperdman om hom heen. Hy hoor die woorde helder opklink:

„Bravo! Bravo!"

Daar gaan 'n rilling deur sy liggaam toe hy eindelik vaskyk in die oë van 'n groot man wat bo-op 'n rots na hom staan en staar. Hy herhaal sy toejuiging en die Luiperdman sien nog drie mans skuins agter hom. Die Luiperdman sien onmiddellik dat dit nie gewone mense is nie. Hulle is nie half naak soos barbare aangetrek nie. En eienaardig genoeg. . . daar is geen wapens in hul hande nie. Hulle is al vier in lang bruin klere geklee wat tot op hul voete hang, presies soos die kleredrag van monnike. Hul koppe is ontbloot en groot bruin leergordels lê om hul dun middeltjies. Hul hare hang lank in hul nekke. Hul gelaatskleur is soel, bruin, effens bruiner as die Italianer s'n, maar hulle het die gelaatstrekke van blankes, fyn neuse, dun lippe, hoë voorkoppe.

Die Luiperdman weet nie wat om te antwoord nie. Die een wat die eerste bravo geskree het, bars weer los in 'n taal waarvan die Luiperdman net hier en daar 'n sinnetjie van opvang. Dit klink na 'n mengelmoes van Italiaans en Spaans.

Ricardo het hierdie stemme gehoor en dit is asof daar nou skielik nuwe lewe in hom kom.

Opgewonde roep hy uit:

„Ek groet julle, kinders van Woera!"

Toe hy egter orent wil kom, val hy weer agteroor en begin onsamehangend prewel.